

Bisdom Oudtshoorn Roepinge Pastorale Brief 2018

Dierbare Susters en Broeders in die Opgestane Here,

Verlede maand by die Bisdomlike Pastorale Raad vergadering het ek gesê dat ons bisdom in 'n krisis verkeer wat roepinge tot die priesterskap en religieuse lewe betref. In die laaste 8 jaar is daar net een priester gewy en tans het ons net een jongman by die seminarie. Is dit werklik wat God wil hê? Ek glo nie so nie. God wil die Kerk met baie priesters seën asook met die getuie van die religieuse lewe, 'n lewe gewy aan die evangeliese rade van armoede, kuisheid en gehoorsaamheid. Waarom dan dié tekort aan roepinge?

Onlangs het ek geleer dat waar Jesus in die Evangelie sê: 'baie is immers geroep, maar min is uitverkies' – kan dit in die oorspronklike Aramese taal wat Jesus gepraat het, ook beteken 'baie is geroep maar min kies dit'. Kom ons dink 'n bietjie daaroor na. Baie is geroep maar min reageer op dié roepstem. **God roep maar baie kies om sy roepstem te ignoreer.**

Dus bid ons vandag nie soseer vir roepinge tot die priesterskap en religieuse lewe nie, maar liever dat jongmense met aandag na God se roepstem sal luister; dat hul geloofsgemeenskap hulle sal help om God se roepstem te onderskei en dat die Here hulle 'n vrygewige hard en dieper geloof sal skenk om te weet dat die lewe van 'n priester of religieuse suster of broeder diep vervullend en baie sinvol kan wees.

Daar is drie dinge wat jongmense kan help in hul keuse vir die priesterskap of religieuse lewe.

Eerstens, 'n gesonde gesinslewe. Ja, dit is nou maar eenmaal so, 'n gesin wat saambid sal saamstaan. In 'n gesin waar liefde heers, sal gesinslede vir mekaar omgee, mekaar bystaan en bydra tot die opbou van die gesin. Dit skep 'n omgewing waarin jongmense geleer word om opofferings te maak en gevoelig te wees vir die behoeftes van ander. 'n Gesin wat so is sal oop en ontvanklik wees vir die roepstem van die Here.

Tweedens, 'n gesonde parogielewe. Die parogie gemeenskap wat elke Sondag saamkom om die Heilige Mis te vier vorm 'n familie. Die wyk wat weekliks vergader vir hul biduur vorm 'n familie. Bestaan daar opregte liefde in ons paragies? Gee ons werklik om vir mekaar? Werk ons as familie saam of los ons die werk vir 'n paar mense om te doen? Iemand het nou die dag gekla dat dit altyd dieselfde mense is wat alles in die kerk moet doen. Dit kan gebeur dat iemand wat jarelank 'n sekere bediening in die kerk doen nie bereid is om die jonger generasie toe te laat om oor te neem nie. Nee, dit kan nie so wees nie, die parogie is 'n gemeenskap van dienaars. Elkeen van ons neem die een of ander dienswerk aan vir die welsyn van die hele parogie. Ons is verantwoordelik vir mekaar. Ons

staan mekaar by, ons moedig mekaar aan, ons is gevoelig vir mekaar se behoeftes, ons oordeel nie mekaar nie, ons sluit niemand uit nie, daar is geen kompetisie nie, ons loop nie en spog nie. Ons in die parogie vorm 'n gelowige, biddende en sorgsame familie.

Derdens, heilige en gelukkige priesters. Soos pous Franciskus dit gestel het, ons kan nie die Blye Boodskap met lang gesigte verkondig nie. En as jongmense nie egte heiligheid in priesters raaksien nie, sal hulle nooit bewus word van hoe aanloklik die priesterskap en religieuse lewe eintlik is nie. 'n Heilige en gelukkige priester is nie die een wat altyd die beste voetjie voor sit nie, of wat net heilig optree nie. Dit is ook nie die mees populêre priester nie. Dit is nie die beste organiseerder nie, die een wat die beste programme aanbied of die beste prediker nie. Nee, hoewel sommige van dié dinge wel met heiligheid gepaard kan gaan, is hulle nie dieselfde as heiligheid nie. Die heilige priester is die een wat soos Christus lyk in alles wat hy doen en sê. Hy is nog 'n Christus. Jesus het 'n magnetiese effek om mense gehad, Hy het mense na Hom toe aangetrek. Dieselfde geld vir vandag se jongmense, hulle word aangetrek deur die Christus wat hulle in priesters sien.

Kom jongmense, moenie bang wees om jouself af te vra of God besig is om jou te roep om 'n priester of religieuse suster of broeder te word nie. Liewe ouers, moenie u kinders daarvan weerhou om na die Here te luister nie. Hy is 'n vrygewige God en sal u en die Kerk en die wêreld oorvloedig seën. Baie word geroep om Christus in die priesterskap en religieuse lewe te volg. Kom ons bid dat baie in ons bisdom gehoor sal gee aan dié oproep.

Laat die Goeie Herder ons na groen weivelde toe lei!

+ Biskop Frank de Gouveia